


## MARKUSREEKS IN JESUS SIEN ONS GOD IN AKSIE

Mar 7:31-37 Jesus is weer uit die gebied van Tirus weg en deur Sidon na die See van Galilea toe in die gebied van Dekapolis. (32) Die mense bring toe 'n dove man wat ook 'n spraakgebrek het na Hom toe en vra Hom om tog sy hand op hom te lê. (33) Hy het hom eers eenkant toe gevat, weg van die mense af. Toe het Hy sy vingers in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer. (34) Daarna het Hy na die hemel toe opgekyk, gesug en vir hom gesê: “Effata!” Dit beteken: Gaan oop! (35) Sy ore het dadelik oopgegaan, die belemmering van sy spraak het verdwyn, en hy het reg gepraat. (36) Jesus het die mense belet om dit vir iemand anders te vertel, maar hoe meer Hy hulle belet het, hoe meer het hulle dit verkondig. (37) Hulle is geweldig aangegryp en het gesê: “Alles wat Hy doen, is goed: die dowes laat Hy hoor en die stommes laat Hy praat.”

### IN JESUS SIEN ONS GOD IN AKSIE

- 1 IN JESUS SIEN ONS GOD SE KRAG IN AKSIE
- 2 IN JESUS SIEN ONS GOD SE LIEFDE IN AKSIE
- 3 IN JESUS SIEN ONS GOD-BEDOELDE-BEDIENING IN AKSIE



### SAAM-PRAAT-VRAE:

- 1 Deel met mekaar hoe dit moet wees om doof en spraakgebrek te hê (plaas jou in die skoene van hierdie persoon). Hoe sou jy met ander kommunikeer? Hoe sou ander optree teenoor jou?
- 2 Ons sien die Seun van God hier in volle krag. Watter bemoediging hou dit vir ons in vandag?
- 3 Ons sien ook God se liefde in aksie in Jesus se omgang met die doofstomme. Watter waarde hou Sy liefdevolle omgang met die doofstomme vir ons in?
- 4 Gesels oor die vraag: hoe weet ons God het ons regtig lief?
- 5 Hoe God-bedoelde-bediening lyk sien ons by Jesus se omgang met die doofstomme. Gesels oor watter van die ses insigte uit hoe om met ander in nood om te gaan, vir jou die grootste uitdaging is:
  - 1) God werk soos Hy wil
  - 2) Gee persoonlike aandag (elkeen uniek)
  - 3) Kommunikeer liefde op noodlydende se golflengte
  - 4) Gebedsafhanklikheid van God
  - 5) Diep geraak deur ander se nood
  - 6) Bedien die Woord
- 6 In wie se lewe moet jy 'n verskil gaan maak?